

## SUID-AFRIKAANSE "FAMILIEWAPENS"



Dit is 'n grondbeginsel van wapenvoering dat wapens in die direkte lyn van geslag na geslag oorgeërf word. Slegs diegene wat bewys kan lewer dat hulle direkte afstammelinge is van 'n persoon wat 'n bepaalde wapen regmatiglik voer, of gevoer het, het enige aanspraak op die betrokke wapen. Dit beteken dat 'n wapen deur 'n bepaalde persoon en dié se direkte afstammelinge gevoer word, en nie deur alle naamgenote of 'n "familie" in sy geheel nie. Persone wat nie afstammelinge van die wapenvoerder is nie, het geen aansprake op sy of haar wapen nie, al voer hulle dieselfde van en is hulle selfs andersins aan mekaar verwant.

Hierdie beginsel geld ook, met geringe klemverskille, in die lande waarvandaan Suid-Afrika se heraldiese tradisie hoofsaaklik afkomstig is. Die amptelike siening in Engeland word goed saamgevat in Boutell's Heraldry, (hersien deur J.P. Brook-Little):

"Since at latest 1418, it has been impossible to acquire a legal title to armorial ensigns by any other method than inheritance according to the laws of arms, or a grant or confirmation of arms from the duly constituted authorities. To bear arms by inheritance, one must be able to prove, to the satisfaction of the Officers of Arms, legitimate male descent from some person who received a grant of arms, or to whom the right to bear arms was at some time confirmed. Conjectural descent is inadmissible".

Die posisie in Skotland is op sy beurt uiteengesit in die Court of the Lord Lyon's Information Leaflet No. 4, waar verduidelik word dat die "Letters Patent" wat ontvang wordanneer 'n wapen in daardie Koninkryk toegeken word:

".... is a formal title deed from the Crown. It is permanent in effect, granting the Arms for ever and protecting them to the Petitioner with the full force of the Laws of Scotland. The Arms granted are heritable property, and will be inherited by the Petitioner's heir, normally his

eldest son, and by his eldest son in turn, and so on for ever.

A younger brother may inherit his father's Arms if the elder brother dies first and leaves no heirs of his own. Otherwise younger sons and their descendants inherit only a right to apply for "Matriculation" of their ancestral Arms with a small mark of difference added, appropriate to their place in the family."

Op die vasteland was daar 'n groter neiging om wapens eenvoudig aan te neem, boonop het die meeste heraldiese overhede daar tot niet gegaan. Dr. J.A. de Boo, 'n Nederlandse heraldicus, skryf die volgende in sy boek Familiewapens, oud en nieuw. Een inleiding tot de familieheraldiek:

".... het recht op een wapen werd sinds het midden van de 14de eeuw erkend voor iedere vrije man, of hij nu tot de adelstand behoorde of niet. Bertolo de Sassoferato (1314-1357), de jurist die dit vastlegde in zijn boek "Tractatus de insignis et armis", schreef verder dat een wapen niet verleend behoeft te worden, door welke vorst of autoriteit ook, mits men maar geen wapen userpeerde, dit wil zeggen het wapen van een ander wederrechtelijk voerde.

Iedere Nederlander mag een wapen voeren en hij mag elk wapen voeren dat hij wenst, behoudens de door de Kroon verleende - en bij de Hoge Raad van Adel geregistreerde - wapens van adellijke families en openbare lichamen. Het is bovendien een goede gewoonte om niet het wapen van iemand anders aan te nemen of te voeren. Overeenkomst in familienaam geeft nooit recht op een familiewapen, tenzij verwantschap is bewezen.

Strikt genomen hebben alleen agnatische afstammelingen, de nakomelingen in mannelijke lijn, het recht om een wapen onveranderd verder te voeren."

Verderaan meld hy ook:

"Voor het opzoeken van een familiewapen is het opstellen van een stamboom noodzakelijk. Alleen langs deze weg is na te gaan of iemand recht heeft op een oud wapen".

Sedert die vroegste tye van die blanke nedersetting in Suid-Afrika, was daar onder sommige families 'n geskiedenis van wapenvoering. Alhoewel daar tot 1963 geen amptelike instansie was wat die wapens plaaslik kon registreer nie, het daar tog van die wapens wat deur die vroeë blanke inwoners gevoer is, vir die nageslag behoue gebly. Die vernaamste naslaanbronne vir hierdie historiese Suid-Afrikaanse wapens is die Bell-Krynauw-versameling in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, die lakseël-versameling in die Kaapse Argiefbewaarplek en die versameling van rouborde uit die ou Kompanjiekerk wat nou in die konsistoriekamer van die Kaapstadse Groot Kerk hang. Daar kan in baie gevalle bepaal word presies wie die betrokke wapens gevoer het en hierdie versamelings vorm dus die kern van Suid-Afrika se eie heraldiese tradisie.

Oor die afgelope eeu was daar 'n besliste herlewing van belangstelling in heraldiek en het baie mense opnuut na 'n egte "familiewapen" gesoek, maar dikwels tevergeefs. In stede daarvan dat bestaande argiefbronne en wapenversamelings in die lig van beskikbare genealogiese gegewens behoorlik geraadpleeg is, het baie mense verkies om 'n makliker weg te volg. In vele gevalle is net 'n gedrukte heraldiese versamelwerk oopgeslaan en is enige wapen wat daar toevallig met dieselfde van vermeld staan, sonder veel, indien enige, bedenkinge oorgeneem. Die feit dat baie van ons Suid-Afrikaanse stamvaders maar gewone boere, soldate of ambagsmanne was en nie 'n behoeftie om wapens te voer gehad het nie, het die posisie vererger. In Suid-Afrika was dit veral die Nederlandse J.-B. Rietstap se Armorial Général wat as bron vir hierdie wapenoornames gedien het. Indien Rietstap, of ander beskikbare bronne, die betrokke van nie vermeld het nie, is daar dikwels wapens van persone wie se van net effentjies aan dié van die Suid-Afrikaanse familie

herinner, aangeneem. Hierdie wapenoornames het sy hoogtepunt bereik in 'n reeks genealogiese artikels wat deur N.H. Theunissen onder die oepskrif "Afrikaner ken uself", in die tydskrif Die Brandwag gedurende 1944 tot 1947 gepubliseer is. Dit was seker met die doel om die artikels meer interessant te maak, dat 'n "familiewapen" gewoonlik tesame met genealogiese besonderhede gepubliseer is. Op dié wyse is daar aan feitlik al die families wat behandel is, 'n "familiewapen" toegedig, sonder om te ondersoek of die persone wat die wapen oorspronklik gevoer het en dié wat in die artikel behandel is, dieselfde was.

In die meeste gevalle is nog 'n stap verder gegaan en is verskeie bestaande wapens, wat natuurlik aan verskillende persone behoort het, tot een geheel saamgevoeg, of is die figure en kleure so verander of bygevoeg dat wapens ontstaan het wat vanuit 'n heraldiese oogpunt beskou, heeltemal nuwe skeppings was.

Histories en heraldies gesproke, is hierdie nuwe "familiewapens" egter waardeloos. Dit is ongelukkig so dat die publikasie van hierdie sogenaamde "familiewapens", tesame met egte genealogiese gegewens van bekende Suid-Afrikaanse families, die indruk geskep het dat dit egte historiese wapens is - wat in feitlik al die gevalle nie so is nie. Hoe dit ookal sy, die belangstelling wat deur hierdie tydskrifartikels - en ander artikels van heraldiese aard - gewek is, was besonder groot. So 'n bekendheid het hulle verwerf, dat 'n klein nywerheid ontstaan het om hierdie nuwe "familiewapens" in kleur te druk of om op asbakke, borde en ander voorwerpe af te beeld en aan die publiek te verkoop.

Hierdie dikwels onbewese wapens kan mens vandag amper in elke huis in Suid-Afrika raakloop. So prunk daar duisende Suid-Afrikaanse families met iemand anders se geleende vere, of met skeppings wat deur niemand, lewend of dood, ooit wettiglik gevoer is nie.

Die beginsel van vrye wapenvoering wat nog al die jare volgens die Gemenerg in Suid-Afrika toegelaat is en daarop neerkom dat elkeen 'n wapen mag aanvaar en

voer mits dit nie met 'n ander se wapen bots nie, is dus ongelukkig lankal uitgebuit deur allerlei wapens aan die publiek aan te bied, ongeag hulle oorsprong en sonder enige behoorlike navorsing om vas te stel wie, indien enige, daarop geregtig is.

Sedert Junie 1963 bied die Heraldiekwet egter regsbeskerming vir geregistreerde wapens en dit is sedert 1980 'n oortreding van dié Wet om 'n "familiewapen" te "verskaf", tensy die verskaffer oor 'n sertifikaat van egtheid, uitgereik deur die Staatsheraldikus, beskik.

Die onus rus op die verskaffer wat om 'n sertifikaat van egtheid aansoek doen, om tot bevrediging van die Staatsheraldikus te bewys dat die betrokke wapen wat hy wil verskaf, eg is. Hierdie verbod sluit o.a. ook in die verkoop van items soos gedrukte of geskilderde wapens, rekenaaruitdrukke daarvan, glas- of kristalware waarop wapens gegraveer is, wapens in hout uitgekerf, wapens van gebrandskilderde glas, ens.

Die Raad vir Heraldiek wil graag die hele aangeleentheid van "familiewapens" op 'n gesonde grondslag plaas. As beleid het hy aanvaar dat die onbewese wapens in omloop vir geen persone geregistreer mag word nie. Hierdie wapens mag ook nie by 'n nuwe ontwerp of by 'n herontwerp as grondslag dien nie.

Diegene wat graag 'n heraldies korrekte en behoorlik geregistreerde wapen wil bekom, word vriendelik versoek om met die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria 0001 (Tel. (012) 323 5300 of faks (012) 323-5287) in verbinding te tree. E-pos [arg13@dacst4.pwv.gov.za](mailto:arg13@dacst4.pwv.gov.za).